# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAANS

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVIII YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 MAY No. 11


## DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**JESAJA 56:1-5**

1. So sê die Here: Laat reg geskied, doen reg, want die verlossing wat Ek bring, is al aan die kom, en die redding wat Ek bewerk, gaan nou geopenbaar word. Dit gaan goed met die mens wat hom hieraan hou.
2. Dit gaan goed met die mens wat die sabbat onderhou en dit nie ontheilig nie, wat sorg dat hy niks verkeerds doen nie.
3. 'n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie. 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie.
4. So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond,
5. aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie.

## AS JY STERK GENOEG IS VIR UITDAGINGS, WEES VERSIGTIG!

IF YOU ARE STRONG ENOUGH TO FACE CHALLENGES, BE CAREFUL!

*Sis. Angel*



Groete aan al ons uitgebreide familielede van **Echo of His Call-bedienings!**

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus.

Ek het onlangs my paspoort verlê. Ek het oral gesoek maar kon dit nie kry nie. Dit het my rasend gemaak! Ek was seker van waar ek dit gelaat het, maar toe ek dit gaan haal, was dit weg. 'n Soektog oraloor het my net angstig gemaak. Die weg-paspoort het al my aandag in beslag geneem – ek kon op niks anders fokus nie, wakker of aan die slaap. Meer nog, ek moes dit dringend hê. Daar was nie tyd om aansoek te doen vir 'n nuwe nie en ook nie om dit rustig te vat tot later nie.

In my dol gejaagde soektog in die huis onthou ek toe Lukas 15, die **gelykenisse van die Verlore Skaap, die Verlore Muntstuk, en die Verlore Seun.** Telkens as ek oor die verlore skaap lees wonder ek:

*....verv. op.bls. 4*




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS



## van julle geliefde broer...



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

**Rev. Angeline S. Kumari,** M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

**Bro. N. Prakasam,** M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

ADMINISTRATION

**Sis. Jesy Veena Sam**
**Adv. K. Puratchivendan,** M.Com., C.A., B.L.
**Dr. P.E.R. Premchand,** M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
**Dr. C.G.S. Baburao,** B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
**Dr. Rabinder Boaz,** M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

**Dr. Serena Bevin,** M.A., M.Phil., B.Ed.
**Sis. Sajini Cherian**
**Rev. Dr. K.R. Rajasekaran**
**Rev. Dr. William Robert,** Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER



**Pastor S. SAM SELVA RAJ**
**Echo of His Call Printers**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


**Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie - Psalm 55:23**

Geliefdes in Jesus Christus,

Groete vir julle almal in die heerlike Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus!

Ons is baie dankbaar oor julle reaksies rondom die seëninge wat julle gekry het uit die vorige **Echo of His Call**. Julle gebede en ondersteuning is vir ons so waardevol, en ons het dit steeds nodig. Mag die Here julle ryklik seën!

Deur God se oorvloedige genade het verskeie bedieninge laas maand by **St. Paul Matrikulasieskool** se kampus suksesvol afgeloop,



*Jeugkamp by St. Paul Matrikulasieskool se kampus*

insluitend die Jeugkamp, Opelug byeenkoms, Kinderbediening, Kerk van God bedienings, en ons skool se jaarlikse funksies. Die Gradedag vir Kleuters en die Skool se jaarlikse dag was op 11 en 17 April onderskeidelik. Die teenwoordigheid en leiding van die Heilige Gees was duidelik sigbaar by hierdie geleenthede.




*Pr S. Sam Selva Raj se boodskap in Opelug saamkoms*

Die Kerk van God-Bediening en Kinderbedienings floreer steeds by die **Nehemia Bybelkollege** se kampus in Velachery. Ons kan met blydskap noem dat die Eenjaar Diploma en Teologieprogram op 2 Junie 2025 sal begin, met die volgende keuses:

### (a) Inwonend (Hindi Medium) – Velachery Kampus

Dis oop vir geskikte manlike kandidate wat gewillig is om die Here te dien in hulle omgewings. Borgskappe is beskikbaar vir verdienstelike studente.

**(b) Aand Bybelkollege (Tamil Medium – Nie-inwonend**

Hierdie klasse word gehou op Maandae, Dinsdae en Donderdae van 6.30 nm. tot 8.30 nm.

**Lokale:** Chepauk en Santhoshapuram Nehemia Bybelkolleges.

Verder: Tamil aandkursusse begin by Velachery vanaf die 2025–2026 akademiese jaar.

Ons versoek nederig julle gebede vir hierdie geestelike opleidingsprogramme en moedig julle en dit bekend te stel aan verdienstelike kandidate.

## Digitalisering van Echo of His Call:

Ons beplan om in 2026 **Echo of His Call** om te skakel na 'n digitale formaat omdat posgeld heelwat gaan verhoog volgens Regeringsbesluite, en dit sal ons finansiële vermoë oorskry. Die drukkoste en prys van skryfbehoeftes styg gedurig. Dit raak moeilik om al hierdie prysstygings te kan absorbeer.

Om seker te maak al die werklik belangstellende lesers kry die tydskrif gereeld, sal ons dit versprei deur sosiale media, e-pos, WhatsApp, spesiale pos en koerierdienste.

**Vir hierdie omskakeling vra ons vriendelik die volgende besonderhede:**

1. Jou volle en presiese posadres.
2. Jou korrekte foonnommer en WhatsApp-nommer.
3. Jou geldige e-posadres (indien beskikbaar).

Maak asseblief seker dat hierdie gegewens presies reg is, anders mag jy dalk nie die toekomstige uitgawes kry nie. Hierdie opdatering is nie vir lesers wat reeds in gereelde kontak met **Echo of His Call Bedienings** is nie. Ons wil graag ons gewaardeerde verhouding voortsit.

## Gebedsversoeke vir Echo of His Call Bedienings:

Ons vra dringend dat julle sal bid vir die volgende bedienings:

### Joshua Warriors International.

1. Een-Minuut Gebedsinisiatief (**Global Vision for Youth and Kid Care**) – 'n Wêreldvisie vir Jeug en Kinders, daagliks om 10:00 nm.
2. Een Uur Ketting-gebed – ten behoewe van wêreld Kerke en gelowiges.
3. Seminare, Kampe, en Werkwinkels – dat die Gees hulle lei tot vrug dra.

Baie van ons vennote en sendelinge dien wêreldwyd. Ons nooi julle hartlik om saam te dien in hierdie missie om ons Here Jesus Christus te dien.

### VAKANSIE BYBELSKOLE (VBS) – Mei 2025

Dit vind plaas by ons Kerke en ander Kerke gedurende Mei. Bid asseblief daarvoor.

*VBS Program vir ons Kerk in Chennai:*

| | | |
|---|---|---|
| 1. Santhoshapuram | – | April 25 tot Mei 1 |
| 2. Velachery | – | April 30 tot Mei 5 |
| 3. Balaji Nagar, Pallikaranai | – | April 30 tot Mei 5 |
| 4. Chepauk | – | Mei 6 tot Mei 12 |

Broeders, bid vir ons

In sy diens,

*ECHO OF HIS CALL BEDIENINGSPAN.*

E.mail : sam@echoofhiscall.org


**URGENT NEED**

**Teachers (All Subjects) for**

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL,**
An *Echo of His Call* Institution
Vijayanagaram, Medavakkam,
Chennai - 100.

We need well qualified, experienced, dedicated, hard working and mission oriented Christians.
Apply with Bio-data to
E.mail: sam@echoofhiscall.org
WhatsApp: (+91) 98412 71858





## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!

Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India
Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

Hoekom het die wagter die nege en negentig gelos?

Was Hy nie besorg oor die nege en negentig nie? Ek begryp dat die verlore een waardevol was, maar tog, hoekom die groot groep alleen los? Het jy dalk ook hieroor gewonder? **Die nege en negentig, die nege munte, en die ouer broer** – 99:9:1.

As jy in so 'n situasie was, sou jy die nege en negentig los om die een te gaan soek? Hy het hulle nie net gelos nie, maar hulle in die wildernis gelos! Dit het my nog meer laat dink. Dit was nie 'n veilige plek nie – Hy het hulle nie in 'n hok of veilige kraal gelos nie. Hulle was in die oopte, omring deur wilde diere en ander gevare. Hy kon die nege en negentig verloor het terwyl hy die een gesoek het.

Ek weet nie of iemand anders al so daaroor gedink het nie. Dalk was die verlore skaap jonk en nuuskierig, gretig om te ondersoek, en het toe rigting verloor. Of dalk was hy rebels en ongehoorsaam, loop net rond, ignoreer die Wagter se leiding.

Wat ook al die rede, die Wagter was gewillig om die nege en negentig in die wildernis te los – onbeskerm en kwesbaar – om die een te gaan soek. Dit het al 'n tyd lank in my gedagtes gemaal. Daar moet 'n rede wees waarom Hy so besluit het.

## DIE WAGTER SE VERTROUE IN DIE 99:



## 1. DIE MAG VAN EENHEID

Die wagter moes baie vertroue gehad het in die 99 om



*Die krag van eenheid!*

hulle daar alleen in die veld te los. Hy het seker geweet hulle sal vir mekaar sorg – saamstaan in eenheid, toegewy om mekaar te alle tye te ondersteun en te versorg. Selfs wanneer gevaar dreig kon hulle saamstaan as 'n gedugte span.

Ek is seker die herder het hulle behoorlik opgelei in die krag van saamstaan. As een skaap aangeval sou word, sal die ander 98 spontaan en vinnig hulp verleen – baie beskermend en sonder aarseling in hul verdediging. Daar is groot mag in eenheid.

Die herder het ook begryp dat die verlore een kwesbaar was – heeltemal alleen sonder 'n beskermer of 'n ondersteuner. Kanse om te oorleef is skraal weens eksterne bedreigings en die risiko van isolasie. Dit is gevaarlik om so alleen te wees in die vreemde. Daarom moedig die Bybel ons aan om saam te staan.

**Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle** (Matteus 18:19-20).

**Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!** (Psalm 133:1).


Soms kan dit dalk gemakliker voel om alleen te wees as tussen mense met ander waardes en wat ons nie waardeer of regtig liefhet nie. Die ergste is wanneer diegene wat naaste aan ons is, ons seermaak of verraai en ons dan niemand weer wil vertrou nie.

Liewe broers en susters, as jy dit ervaar het of dit nou beleef, bid ek dat die Here jou wonde sal genees. Jesus Christus het self verraad ervaar op sy pad na die kruis, daarom verstaan Hy jou pyn, terughoudendheid en twyfel.

Ja, dit kan moeilik wees om mense te vertrou. En dis een rede waarom baie huiwer om Kerk toe te kom. As jy vermy om dienste by te woon weens die mense daar, wil ek jou bemoedig: kom asseblief! En dis nie net 'n wenk nie, maar 'n bevel van God:

**Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom** (Hebreërs 10:25).

Moenie wegbly van die Kerk nie. Onthou, ons leef in 'n gebroke wêreld tussen stukkende mense, maar die volmaakte God sal vir ons die genade gee om lief te hê en die wysheid om te onderskei. In Handelinge 12, toe die Kerk saam gebid het, het God wonderbaarlik vir Petrus uit die tronk bevry. Daar is groot krag wanneer gelowiges verenig in saamwees en gebed.



***God open die tronk wonderbaarlik vir Petrus***

*....verv. op.bls. 6*

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2025 Mei 19 Tot 2025 Junie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Mei 19** ➲ Sy oorvloedige seën op ons Vakansie Bybelskole vir kinders.

**Mei 20** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkolleges** en **Teologiese Korrespondensiekursus** wat diegene in nood bedien.

**Mei 21** ➲ Goddelike guns op ons vertalers, mederedakteurs, koördineerders en hul gesinne.

**Mei 22** ➲ Seën op al die lede van ons Hoofkerk en susterkerke.

**Mei 23** ➲ Die groei van ons Christelike bedienings ten spyte van politieke en godsdienstige teenstand.

**Mei 24** ➲ Sy goddelike beskerming oor al die nasies midde in chaos en dreigende oorlog.

**Mei 25** ➲ Sy guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne.

**Mei 26** ➲ Die groeiende getal inskrywings en getuienisse oor ons **Vyf Minuut YouTube**-boodskappe.

**Mei 27** ➲ Die seën op ons Bevrydingsbyeenkoms wat by **St. Paul Matrikulasieskool** gehou is op 23 Maart 2025.

**Mei 28** ➲ Die impak van ons **Bybelkor (Bybelkorrespondensiekursus)** en **Teologiese Korrespondensiekursusse.**

**Mei 29** ➲ Sy wonderlike voorsiening vir al ons bedieningsbehoeftes.

**Mei 30** ➲ Die voorspraak gedoen vir die bemagtiging van vroue in alle sektore van die samelewing.

**Mei 31** ➲ Die beskerming en welstand van ons **Echo of His Call Bedienings** se personeel en hul gesinne.

**Junie 01** ➲ Die suksesvolle toelatingproses vir die 2025-2026 akademiese jaar by **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkollege.**

**Junie 02** ➲ Sy genade dat ons gereeld Teologiese Seminare kon hou.

**Junie 03** ➲ Sy volgehoue seën op ons toewyding in die Tydskrifbediening sedert 1969.

## Bid asseblief vir ...

**Junie 04** ➲ Vrede tussen nasies en ekonomiese ontwikkeling.

**Junie 05** ➲ Die uitbreiding van ons bedienings in vermoëns en ruimte.

**Junie 06** ➲ Christene dat hulle lewe uit God se Woord en 'n Christus-karakter onderhou.

**Junie 07** ➲ Die goeie aansien en integriteit van Christelike onderwysinstellings oor die wêreld.

**Junie 08** ➲ God se seën oor ons ondersteuners, goedgesindes en vriende wat ons bedienings onderhou deur gebed en geldelike bydraes.

**Junie 09** ➲ Nuwe visies om sy Koninkryk op aarde te bevorder.

**Junie 10** ➲ Goddelike beskerming vir alle Kerke teen geestelike en fisiese bedreigings.

**Junie 11** ➲ Harmonie en vrede in alle gesinne en families.

**Junie 12** ➲ Die salwing en leiding van die televisie en YouTube predikers oor die wêreld.

**Junie 13** ➲ Die goeie gesondheid en goddelike beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Junie 14** ➲ Eenheid en vooruitgang in alle aspekte tussen nasies in die wêreld.

**Junie 15** ➲ God se genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne.

**Junie 16** ➲ Goeie gesondheid en welsyn van ons werknemers en hul gesinne.

**Junie 17** ➲ Presidente, Eerste Ministers en alle gesagdraers in Regerings oor die wêreld, dat hulle met wysheid en integriteit sal lei.

**Junie 18** ➲ Goddelike beskerming teen virus koors en opkomende aansteeklike siektes.

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*verv. v. bls.4*

Liefde bedek alles, en ons het mekaar nodig. Daar is 'n pragtige gesegde Engels: “If you want to walk fast, walk alone. But if you want to walk far, walk with someone.” Maar wees versigtig met wie jy wil saam stap en saam wees, want hulle sal jou beïnvloed. Daarom leer Psalm 1 ons om sekere kontakte te vermy ter wille van voorspoed. Eenheid is belangrik, maar slegte geselskap lei na rampe.

Jesus het so besonders gebid: **... sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees ...** (Johannes 17:22-23).

Die herder se soeke na die een verlore skaap is 'n kragtige uitbeelding van God se radikale genade, en die nege en negentig verteenwoordig 'n groter gemeenskap wat hulle verheug in restourasie. As een lid terugkom is die hele trop bly daaroor. Dit leer ons dat elke lid vir God belangrik is en herstel 'n gemeente-saak – 'n uitnodiging vir elkeen om die verlorenes terug te bring in die groep en saam te vier.

### 2. 'N OPROEP TOT WAAKSAAMHEID EN AKTIEWE RESTOURASIE!

Die wagter verwag dat die 99 wakker en oplettend sal wees. Hulle behoort eerste op te let as

ECHO OF HIS CALL 1970-2020 REACHING NATIONS

**NEHEMIAH BYBELKOLLEGES**

Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium :Tamil (Part Time)

Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Diploma in Theology

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

iemand begin wegdryf en hom of haar sagmoedig terug te lei. Die 99 het 'n groter verantwoordelikheid – hoe anders kan die herder weet een het soek geraak? Ten minste een onder hulle kan die ander laat weet. Dit kan die verlore een se ma wees, of 'n broer of suster, 'n vriend, grootouer of wederhelf. As dit 'n ouer skaap is kon die jongeres dit opmerk en die herder laat weet.

Jesus Christus verwag die groter groep om waaksaam te bly. As jy jouself sien as een van die 99, het jy 'n plig teenoor die verlorenes. Ons moet oplettend wees teenoor ons familie, vriende en veral ons Kerkgemeenskap. Ons aanvaar maklik dat diegene rondom ons veilig is in hul geloof, maar selfs tussen die 99 kan daar afdwaling voorkom. Wees waaksaam!

**... en die wag sien die vyand aankom en blaas die ramshoring en waarsku sy mense ...** (Esegiël 33:3-9). Net so sal die omgee van die nege en negentig help voorkom dat die gemeenskap geestelik slap raak en die algemene gesondheid versterk. God het ons as wagters aangestel daar waar Hy jou gebring het. Laat ons wakker wees!

## 3. 'N WAARSKUWING TEEN SELFTEVREDENHEID EN EIEGEREGTIGHEID!

Soms, as deel van die veilige en beskermde nege en negentig, kan mens maklik selftevrede raak met 'n houding van eiegeregtigheid. Ons kan dink: "O, ek is in die trop, ek doen wat van my verwag word. Ek volg en gehoorsaam die Herder, en is nie soos die wat afdwaal nie." En tog, die veiligheid van die trop kan 'n valse

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## MOENIE OPGEE NIE! MOENIE ONTTREK NIE!!

**En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie." Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe** (Hebreërs 10:38-39)

In die begin van my bediening, met geen mense-hulp om op te steun nie, was daar groot beproewings en onbeskryflike moeilikhede deur juis die mense waar ek geleef het. Slapelose nagte en angsvolle dae het my laat vra of God my regtig geroep het en of ek op my eie die bediening begin het.

Daar was tye van hongersnood en fisiese aanslae, maar God was net stil. Hy het nie my gebede geantwoord nie. 'n Paar keer het ek totaal verlate gevoel. Maar mettertyd het ek begin verstaan dat selfs sy stilte 'n antwoord was – 'n les wat my leer van die wêreld en sy mense.

In 1979 was daar 'n ernstige teenstand terwyl ek Jesus Christus se Evangelie gepreek het. Ek het bidure gelei in 'n gehuurde gebou toe mense die eienaar van die gebou genader het met vals aanklagte teen my. Hulle het haar oortuig om my te verbied om langer daar samekomste te hou.

Met my hart gebreek is ek huis toe, deure gesluit, en ek draai al die krane in die kombuis en badkamer oop. Ek het bitterlik gehuil en na die Here geroep. Die klank van die stromende water het my snikke verdof. Maar, God was toe nog steeds stil.

Ek sien toe in my lewe uitdagings en moeilikhede aan die een kant, en aan die ander kant die einste Meester wat my geroep het doodstil staan, en Hy doen klaarblyklik niks om my te help nie. Intussen word my teenstanders net sterker en koggel my openlik. Hulle het selfs in die regeringskantoor waar ek gewerk het, ingekom en vals gerugte en lasterlike dinge versprei voor my kollegas.

Ek was diep bedroef, geïrriteerd, bang, en oorweldig deur die seer wat hulle oor my gebring het. Daardie dag het ek desperaat uitgeroep: "O Here van Israel, God van Abraham, Isak en Jakob! Ek kan nie meer u stilte hanteer nie! As U nie vir my wil intree nie, wie gaan dan help? As U weier om my te beskerm, waar kry ek dan hulp?"

Maar, geen antwoord, geen leiding, geen inspirasie – net stilte. My gees was totaal verontrus. Daardie nag, in my wanhoop, pak ek toe al my besittings en bedieningsmateriaal op, gereed om alles te laat vaar en terug te gaan na waar ek vandaan kom.

**... Elkeen sal padgee na sy eie volk toe, elkeen sal na sy eie land toe vlug voor die swaard wat so wild te kere gaan!** (Jeremia 50:16).

Presies 2-uur die oggend hoor ek iemand klop by die deur. My hande het gebewe, en ek het hulpeloos en senuweeagtig gevoel. Toe ek die deur oopmaak was daar 'n ouerige man met 'n wit baard, met 'n sak oor sy skouer en 'n pakkie kos.

"Wie is jy?" vra ek. "Wat maak jy hier so vroeg?" Ek noem toe ook dat ek besig was om terug te gaan huis toe omdat God nie my gebede antwoord nie. Maar hy smeek toe dat ek hom moet inlaat, en verduidelik dat die bure dalk misverstaan het weens die laat tyd. Ek het om onwillig laat inkom.

Hy begin toe: "My seun Sam, ek is jou vriend, Pastoor J.S. Daniel. Dit is lank sedert ons ontmoet het, en dalk het jy my vergeet. Ek het teruggekom na my dorp nadat ek my bediening in die stad voltooi het, maar het die laaste bus verpas. Ek het nie geld vir 'n taxi nie, ook nie 'n slaapplek in die stad nie. Terwyl ek in Mountweg in Chennai loop, praat God met my en lei my duidelik vannag na jou toe. Jy moet nie hier weggaan nie. Moenie dink jou God wat jou geroep het, is stil nie. Hy berei jou voor vir 'n beter môre. Hy maak jou skerp om iets groots te bereik in jou lewe. Hy is nie stil soos jy glo nie. Onthou, **die evangelie moet uitgaan vanaf Jerusalem** (Jesaja 2:3, Miga 4:2). Hierdie stad is jou Jerusalem. So, moenie hierdie stad verlaat nie."

Ek kon Hom maar net gehoorsaam, en het die Here se liefde gevoel en het getuig van die wonderlike maniere waarop Hy in 'n nederige dienaar soos ek se lewe werk. Ek het Pastoor Daniel en ons Here Jesus Christus verskoning gevra en my bediening voortgesit. En God het my geseën. 'n Paar maande later het Hy my na 'n ander plek gelei waar ek 'n suksesvolle leraar geword het.

Liewe vriend, dink jy die Here wat jou geroep het, het jou vergeet? Glo jy jou groei is so stadig dat dit beter is om van werk te verander en elders heen te trek? Nee, jy behoort nie. Die Here wat jou geroep het is getrou. Selfs as jy alles verloor het, is jou toekoms nog daar. So glo in Hom vir 'n wonderwerk – iets gaan nog in jou lewe gebeur!

**"Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here"** (Psalm 27:14).

************

*verv. v. bls.7*

veiligheidsgevoel skep. Om in die trop te wees maak jou nie geestelik onaantasbaar of selfgenoegsaam nie.

Die gelykenis daag die **regverdige** uit as hy dalk dink: "Ek hoef nie te bely nie," deur hom te herinner dat God se genade vir almal daar is – selfs vir hulle wat so veilig voorkom. Soos die Woord sê: **Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlikheid van God nie** (Rom 3:23). So por die trop ons aan om ons eie harte te ondersoek vir tekens van selftevredenheid of trots.

**Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie** (1 Korintiërs 10:12).

Liewe Vriende,

Hoewel ek die Herder bewonder wat die verlorenes soek, is ek ewe dankbaar vir sy vertroue in die nege en negentig. Al is hulle veilig, daag Jesus Christus hulle om nie te val vir 'n valse gevoel van veiligheid nie. Hulle moet besef dat hul plek in die trop 'n geskenk is – 'n geskenk wat nederigheid en boetvaardigheid vra om te oorleef. Hulle rol is om as lewende herinnering te dien dat selfs die getroues behoefte het aan volgehoue vernuwing en afhanklikheid van God se genade.

Die nege en negentig moet vir die een bid.

************

Bid asb. vir **URGENT NEED** for CHRISTIAN OFFICE

**1. COMPUTER OPERATORS**

**2. PRINTING PRESS OPERATORS**

**Contact : (+91) 98412 71858, E.mail : sam@echoofhiscall.org**

**NOTICE**

Please store the Mobile Phone numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 of Pastor S. Sam Selva Raj on your mobile phones. - Editor

## ECHO OF HIS CALL YouTube YOUTUBE RESPONSES!



*Bro. Shashi Tiwari*



**Sis. Mary Susan**

(i) BRO. STEPHEN RAMANA, SOUTH AFRICA
Wow, what a powerful message this morning, I am truly blessed.

(ii) BRO. SHASHI TIWARI, MUMBAI
Thanku for the encouraging devotion. Praying daily for the devotion and interpreter.

(III) BRO. SHAUL BENJAMIN SHINDE, PALGHAR
Praise the Lord Pastor. I am following your messages on YouTube regularly. God is blessing me through your messages. Thank God and God bless you more.

(iv) SIS. MARY SUSAN, VIZAG
Thank you for the morning YouTube messages. I am really blessed.



***Bro. Stephen Ramana***



***Bro. Shaul Benjamin Shinde***

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

# 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 5th MAY 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**